

# Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## Parashah 41: Pinchas – Pingas

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra’el af weggedraai, deurdadig hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie. Num. 25:10-11 – PWL<sup>1</sup>

**Torah** : Num. 25:10 tot 30:1

**Haftorah:** 1Kon. 18:46 tot 19:21.

**Nuwe Verbond:** Joh. 2:13-22; 2Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12-22; Matth. 5:5; Open. 5:10; Gal. 3:28; 1Tim. 3:2-7; 5:22; Rom. 12:1.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 41 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer.*

*Peace can only be maintained when we are at peace with God. Pinchas restored that Peace. What Pinchas did may not have been peaceful, but it restored Peace. – Rabbi Raphael Hirsch.*

*If we are to better the future we must disturb the present – Catherine Booth.*

*A talmid, or disciple, is not a person who wishes to know what the teacher knows. Rather, a true talmid is a person who wants to be what the teacher is, and do what the teacher does.*

*Yeshua was obedient to Torah every moment of His life, not because He had to be, but because he chose to be. As talmidim of Yeshua, we should strive to live our lives the way he lived His life, not because we have to, but because we choose to – because that should be the desire of our hearts. – Hutch Church.*

<sup>1</sup>Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torahbespreking

### Hersiening

In die vorige Torahskriflesing het ons ondermeer geleer van koning Balak, asook van die profeet Bil'am en van sy donkie wat met hom kon praat. Indien ons Bil'am egter meet aan die definisie van 'n ware profeet volgens die Skrifte, dan is hy 'n vals profeet! 'n Ware profeet word deur יהוה aangestel en is daarom יהוה se afgevaardigde met 'n profetiese woord aan God se volk. 'n Ware profeet bring die boodskap wat in יהוה se hart is sonder om dit te bevraagteken of om, soos Bil'am voorkeur aan sy eie begeertes te wil gee! Bil'am se hardkoppigheid was ook 'n vorm van rebellie teen God!

Toe Bil'am nie sy sin kon kry om Yisra'el te vervloek nie, soos wat Balak hom gevra het, het hy aan hom die raad gegee dat die dogters van Mo'av met die seuns van Yisra'el moet meng en hulle na hulle afgodsfeeste nooi soos bevestig word deur die brief aan die gemeente van Pergamos in Open. 2:14.

maar Ek het sekere dinge teen jou: dat jy mense daar het wat vashou aan die leer van Bil'am, wat vir Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Yisra'el te gooi, om offers aan afgode te eet en om seksueel immoreel te wees.

Daarom beteken Bil'am *die vernietiger van mense*, want hy was die oorsaak dat Yisra'el met afgodery besoedel geraak het! Yisra'el was dus skuldig aan sinkretisme, naamlik die vermenging van יהוה se Torah – die instruksies hoe om in die regte verhouding met God te lewe – met afgodery. Hierdie is 'n gruwel in God se oë wat optrede van oordeel en straf regverdig.

So het die vorige Torahskriflesing geëindig waar Yisra'el by Sheetim betrokke geraak het in hoerery en afgodery deur met die dogters van die Mo'aviëte te vermeng. Toe Zimri, die owerste van 'n familie van die Shim'oniete openlik onsedelik handel met Kozbi, sy Medyanitiese minnares, het Pingas, die kleinseun van Aharon, beide met 'n spies deurboor!

<sup>7</sup> Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat,

<sup>8</sup> agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop.

<sup>9</sup> Die wat in die plaag gesterf het, was vier en twintig duisend (24,000). Num. 25:7-9.

Weereens het Yisra'el gerebelleer en God moes hulle straf met 'n plaag waar 24 000 gesterf het!

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van die ywer en jaloesie van Pingas wat vir ons 'n sinnebeeld is van die ywer en jaloesie wat ons elkeen ook behoort te hê, want dit is die ywer vir יהוה ons Vader-God en vir Sy onpartydige opregtheid. Pingas het met יהוה se jaloesie onder Yisra'el opgetree.

### Met 'n afgod verenig

In Num. 25:3 lees ons dat omdat Yisra'el met Ba'al-P'or verenig was, het die woede van יהוה teen Yisra'el gebrand. Die psalmdigter herinner ons ook aan hierdie gebeure in Ps. 106:28 toe hy geskryf het:

Hulle het ook neergebuig voor die afgode van Ba'al-P'or en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is.

Yisra'el was nie meer met יהוה-God, wie se Gemanifesteerde Teenwoordigheid in hulle midde in die tabernakel gewoon het, verenig nie, maar met Ba'al-P'or wat se naam "meester van die opening" beteken, maar volgens sommige bronne ook "die meester van die huis van Horus".

Yisra'el het nie meer die ware Lewende-Skepper-God gedien nie, maar 'n afgod volgens hulle vleeslike begeertes en eie oordeel van wie meester oor hulle huis, die huis van Yisra'el, is!

Dit herinner ons aan wat Sha'ul in 2Thess. 2:3-4 skryf:

<sup>3</sup> Laat niemand julle op enige manier mislei nie omdat 'n opstand eers moet kom en die man van sonde eers openbaar moet word, die seun van vernietiging,  
<sup>4</sup> die teëstander wat homself hoër lig bo elke ding wat god genoem word of 'n voorwerp van aanbidding is, net soos hy in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy God is.

Wanneer hierdie teksverse gelees word, word daar meesal aan die beplande derde tempel gedink. Hoewel dit hierdie betekenis het, moet ons ook herinner word dat ons die tempel van God is (1Kor. 2:16; 2Kor. 3:16). Daarom is die teëstander, Satan, se eerste doelwit om in jou en my tempel te sit en voor te gee dat hy-God is. Die teëstander wil meester van jou en my huis wees!!

Hierin het Satan grootliks geslaag, want talle gelowiges is mislei om te glo dat die god wat in hulle woon, die ware Lewende-Skepper-God is, ten spyte daarvan dat hulle Sy Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, verwerp en 'n afgod aanbid!

### **Bepeins of Bespreek:**

1. Wie heers oor die huis van Rabbynse Judaïsme? Is hulle weer soos Yisra'el van ouds besig om voor Ba'al-P'or te buig?

### **Die Jaloersheid van Pingas**

Pingas beteken *mond van brons (koper)* (H6372; *Brown-Driver-Briggs Hebrew Definitions*). Dit herinner ons aan die betekenis van koper in die tabernakel. Die brandofferaltaar in die binnehof, met sy draaghoute, was van akasiehout gemaak wat met koper oorgetrek was. Daarom was die brandofferaltaar ook bekend as die koperaltaar. Al die gereedskap wat by die brandofferaltaar gebruik was, was ook van koper (Ex. 27:1-8). Dan was daar ook in die binnehof die koperwaskom waarby die priesters hulself gewas het alvorens hulle dienswerk kon verrig (Eks. 30:17-21; Eks. 38:8).

Beide die koperaltaar en koperwaskom getuig van יהוה se oordeel. By die koperaltaar (sinnebeeld van die folterpaal) was sonde geoordeel en die vonnis voltrek. Hier het die onskuldige in die plek van die skuldige gesterf. Yeshua het die loon van die sonde, naamlik die dood, namens ons gedra toe Hy as offer op die folterpaal gesterf het.

By die koperwaskom kyk ons in יהוה se spieël, naamlik Sy Torah wat ons oordeel en reinig (Eseg. 36:25-31; Joh. 12:48; Joh. 15:3; Joh. 17:17; Ef. 5:25-26) en wat ons leer hoe om as geregverdigdes in Yeshua te lewe (2Kor. 5:21).

Daarom is Pingas se optrede 'n sinnebeeld van יהוה se oordeel oor sonde. In Ps. 106:28-31 lees ons die volgende:

28 Hulle het ook neergebuig voor die afgode van Ba'al-P'or en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is.

29 So het hulle Hom kwaad gemaak deur hulle daade, Hom kwaad gemaak deur hulle beelde en 'n plaag het skielik onder hulle uitgebreek.

30 Toe het Pingas opgestaan en oordeel uitgevoer en die plaag is gestop

31 en dit is vir hom gereken as 'n oorwinning, in alle geslagte vir ewig.

יהוה sal sonde oordeel, want Hy kan nie anders nie. Daarom skryf die Psalmdigter: Staans op, o God, oordeel die aarde, want U het 'n erfenis onder al die nasies. (Ps. 82:8). יהוה het Sy troon reggesit vir die oordeel (Ps. 9:7) en staan gereed om as Regter te oordeel (Ps. 50:6), "en Hyself sal die wêreld oordeel in onpartydige opregtheid en die volke vonnis met opregtheid" (Ps. 9:8). Elkeen sal moet rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die wat dood is te oordeel (1Pet. 4:5).

Die oordeel van יהוה sal by Sy huis begin (1Pet. 4:17). Hiervan is Pingas se optrede 'n bevestiging. Die sonde van יהוה se uitverkore volk is veroordeel en daarna die sondes van die Midyaniete (Num. 25:17-18).

Die goeie nuus is egter dat die koperaltaar en die koperwaskom ook getuig van יהוה se onverdiende guns van vergifnis en reiniging van sonde. Vertroue in die onskuldige wat in die plek van die skuldige by die koperaltaar gesterf het, en die "afwas" van ongehoorsaamheid by die koperwaskom deur יהוה se Torah te hoor en te doen, sal die 'sondeplaag' in elkeen se lewe stop. Vertroue in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal en gehoorsaamheid aan Torah is nie net 'n versekering van ons redding en dat ons יהוה se oordeel sal vryspring nie, maar ook die wyse wat ons יהוה se seëninge deelagtig sal wees.

Ywer (Hebreeus: *qana*) beteken *vurig, geesdriftig en ywerig*. Dit kan ook beskryf word as *aktiewe entoesiasme* en as *geregverdigde verontwaardiging!* Pingas het dus met dieselfde vuur, asook met dieselfde Gees en ywer as יהוה opgetree – Hy was deur die Gees gedryf om God se verontwaardiging te demonstreer – 'n verontwaardiging wat as jaloersheid beskryf kan word. Pingas het dieselfde jaloersie as God openbaar.

want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; 'n jaloerse Magtige God is Hy (Ex. 34:14).

14 Julle mag nie agter ander gode aan gaan; enige van die gode van die volke wat rondom julle is nie

15 sodat die woede van יהוה, julle God, nie teen julle brand en Hy julle van die aarde af vee nie, want יהוה, julle God, is 'n jaloerse, Magtige God tussen julle. Deut. 6:14-15.

Pingas het 'n Goddelike jaloersheid openbaar. Sha'ul skryf ook aan die gemeente in Korinthos: "ek is jaloers oor julle met God se jaloersie, want ek het julle afgegee om te trou met een Man; om julle as 'n rein maagd aan dié Gesalfde Een voor te stel" (2Kor. 11:2).

Wanneer יהוה Homself as jaloers beskryf, dan is dit presies hoe Hy oor Sy volk Yisra'el, aan wie Hy Homself deur 'n verbond verbind het, voel. Onthou dat God by Sinai vir hulle gesê het dat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is jaloers! Presies soos wat 'n man jaloers is op sy vrou wat rond flankeer, so voel יהוה oor So volk, naamlik elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is!

In Esegïel hoofstuk 16 lees ons waar die huwelik tussen יהוה en Israel beskryf word, asook van die uiteindelijke ontrouheid (egbreek) van die bruid. Maar ons lees ook van die belofte van die nuwe verbond waar ons weer opnuut die bruid van Yeshua word.

8 Toe het Ek by jou verbygegaan en jou gesien en let op, jy het die tyd bereik vir liefde; Ek het dus My kleed oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegemaak. Ek het ook vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan dat jy Myne geword het," verklaar יהוה-God.

9 Toe het Ek jou met water gewas, jou bloed van jou afgewas en jou met olie gesalf.

10 Ek het jou ook aangetrek met geborduurde lap en sandale van dugongvel aan jou voete gesit en Ek het jou toegedraai in fyn linne en jou bedek met sy.

11 Ek het jou met 'n kopband versier, armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om jou nek.

12 Ek het 'n ring in jou neusgate gesit, ooringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou kop.

13 So is jy versier met goud en silwer en jou klere was van fyn linne, sy en geborduurde materiaal. Jy het fyn meel, heuning en olie geëet en jy was uitermate mooi en het vooruitgegaan tot koninklikheid. Eseg. 16:8-13.

Maar Yisra'el was die ontroue bruid en daarom sê יהוה deur die mond van Yegezk'el:

Jy het egter in jou skoonheid vertrou en gehoereer as gevolg van jou beroemdheid en jy het jou hoererye uitgestort op elke verbyganger wat gewillig sou wees. Eseg. 16:15.

Maar dan verwys die profeet na die nuwe verbond en profeteer van יהוה se Raadsplan van versoening deur Yeshua dié Gesalfde Een:

60 Nogtans sal Ek My verbond met jou in die dae van jou jeug onthou en Ek sal 'n ewige verbond met jou oprig.

61 Dan sal jy jou lewenswyse onthou en skaam wees wanneer jy jou susters ontvang, beide die ouer en die jonger en Ek sal hulle aan jou gee as dogters, maar nie as gevolg van jou verbond nie.

62 So sal Ek My verbond met jou bevestig en jy sal weet dat Ek יהוה is

63 sodat jy kan onthou en skaam wees en nooit weer jou mond oopmaak as gevolg van jou vernedering nie, wanneer Ek jou vergewe het vir alles wat jy gedoen het," verklaar יהוה-God. Eseg. 16:60-63.

Aan die folterpaal het Yeshua die skuldbrief van die ontroue bruid uitgewis. Deur wedergeboorte word ons nou die bruid en word ons aan Yeshua, die Bruidegom, verbind.

Maar ons moet onthou dat moedswillige oortreding van יהוה se onderrig en instruksies is geestelike owerspel (hoerery). Ons moet nie dieselfde fout as Yisra'el van ouds begaan nie, en ook nie vergeet nie dat יהוה, ons God, 'n verterende vuur en 'n jaloerse God is (Deut. 4:24).

Torahgehoorsaamheid kan as ywer vir יהוה beskou word. Vader-God begeer met jaloersheid dat Sy kinders volgens Sy onderrig en instruksies, soos dit in Yeshua vervolmaak is, moet lewe. Hierdie ywer vir יהוה beteken egter dikwels dat jy 'n vreemdeling vir jou familie en vriende word. Daarom het Yeshua gesê:

34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard,

35 want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder en tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder;

36 'n mens se vyande sal die kinders van sy huishouding wees. Matt. 10:34-36.

Torahgehoorsaamheid vereis daadwerklike (drastiese) optrede, maar dit gaan dikwels gepaard met 'n duur prys van verwerping deur geliefdes en vriende!!

Ware ywer vir יהוה en Sy huis behoort ons elkeen egter te verteer (Ps. 69:10; Ps. 119:139). Yeshua self het hier op aarde dieselfde ywer gehad (Joh. 2:13-17).

Daar is egter baie wat 'n ywer vir יהוה het, maar sonder die kennis van God se onpartydige opregtheid. Diegene rig dan hulle eie onpartydige opregtheid op (Rom. 10:1-3), soos Zimri wie se naam *my musiek* beteken. Hy het sy eie musiek gekomponeer en gesing – hy was nie gelykgestem en in harmonie (*in-tune*) met יהוה nie. Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid ken en daarvolgens lewe. Om as geregverdigde te lewe is om volgens Torah, die onderrig en instruksies van Vader-God, te lewe.

Daar is tye wanneer ons moet opstaan vir die waarheid en nie wag vir die geestelike leiers om op te tree nie. 'n Apatiese (passiewe) houding is die vyand van die siel! Wie is bereid om soos Pingas vandag op te staan vir die waarheid? Of wie is bereid om in 'n tyd waarin die hele wêreld op pad is na die vals vrede van die teëstander, uit te roep dat daar slegs shalom (vrede) in Yeshua, dié Gesalfde Een te vinde is? Wie is bereid om ware leermeesters, profete en priesters te wees wat sal waarsku dat ongehoorsaamheid die pad van selfvernietiging en verwoesting is?

Hulle wat teen my sondig, benadeel hul eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.”  
Spr. 8:36

Indien ons jaloers is met יהוה se jaloersheid sal ons ware shalom (vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid) ervaar. יהוה se ywer (jaloersheid) is om afgesonderd (heilig) en volgens Sy onpartydige opregtheid te lewe en soos 'n Pingas ons te beywer om die ongehoorsaamheid aan Torah uit te delg.

Die loon wat Pingas vir sy ywer ontvang het, was die verbond van ewige priesterskap (Num. 25:13). Pingas is daarom ook 'n heenwysing na Yeshua en die Torah van יהוה. Daarom is die verbond van ewige priesterskap 'n sinnebeeld van die ewige priesterorde van Malki-Tzedek waarvan Yeshua die ewige Hoofpriester is. Yeshua is Koning en Priester volgens die orde van Malki-Tzedek, en daarom is ons in Yeshua 'n koninklike priesterdom (1Pet. 2:9). Dit is ons 'beloning' vir ons ywer vir יהוה! Ons taak is ondermeer ook om יהוה se grimmigheid van Sy uitverkore volk af te wend en vir die doel gebruik ons die swaard van die boodskap van God (Efes. 6:17).

Die Hebreëus vir shalom word geskryf as שלום (*shin, lamed, vav, mem-sofit*), maar in Num. 25:12 word die *vav* egter as 'n 'gebroke' letter geskryf.



Die verduideliking hiervoor is soos volg: As gevolg van hierdie daad van Pingas het יהוה die plaag onder Yisra'el gestop. Sy ywer het יהוה se grimmigheid afgewend en daarom is Pingas, soos reeds genoem, 'n heenwysing na Yeshua, want soos geskryf is:

12 daarom, sê: 'Let op, Ek gee vir hom My Verbond van vrede;

13 dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond wees van 'n ewige priesterskap omdat hy jaloers was vir sy God en toedekking vir die seuns van Yisra'el gedoen het.” Num. 25:12-13.



Aangesien die letter *vav* se numeriese waarde 6 is, en dit die getal van die mens is, is die gebroke *vav* 'n sinnebeeld van Yeshua wat vir ons 'gebreek' is om ons te verlos van יהוה se grimmigheid weens ons talle sondes en om vir ons die ware vrede te gee wat alleenlik in Yeshua te vinde is

en Hy, die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, sal julle almal volkome afsonder en julle volkome, (gees, verstand, wil, emosie en liggaam) geheel en al foutloos beskerm tot by die koms van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! 1Thess. 5:23

## Die ywer van Rabbynse Judaïsme

Rabbynse Judaïsme het groot ywer vir יהוה, maar hulle het hulle eie onpartydige opregtheid opgerig en ken nie יהוה se geregtigheid deur vertroue in Yeshua nie! En daarom sal hulle nie die Koninkryk van יהוה beërwe nie!

Talle in die Messiaanse Beweging glo dit egter nie, want hulle glo nie al die Skrifte van die nuwe verbond nie en staar hulle blind teen Judaïsme se kennis van die Torah en is oortuig dat Torahgetroue Jode gered is. Daarom is hulle ook blind vir die feit dat Rabbynse Judaïsme, soos die Christendom, skuldig is aan sinkretisme – die vermenging van die waarheid met afgodery.

'n Voorbeeld is die erkenning wat Rabbynse Judaïsme aan die Baveloniese afgod Tammuz gee deur die vierde maand van hul kalender, wat saamval met die maand Junie of Julie, hierdie naam te gee. Dit ten spyte daarvan dat die profeet Hoshea sê dat die name van afgode nie eers genoem moet word nie (Hos. 2:16).

In Wikipedia lees ons ondermeer die volgende: *In Babylonia, the month Tammuz was established in honor of the god Tammuz, who originated as a Sumerian shepherd-god, Dumuzid or Dumuzu, the consort of Inanna and, in his Akkadian form, the parallel consort of Ishtar.*

Die gruwel en wellustige wyse wat die fees ter ere van Tammuz in Bavel gedenk was, was die rede dat die profeet in 'n visioen hierdie verwerplike aanskou het:

Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהוה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz. Eseg. 8:14.

In 'n artikel "Don't Call It Tammuz!" (<http://www.nehemiaswall.com/dont-call-tammuz>) skryf Nehemia Gordon ('n Karaïet Jood) die volgende:

*Today echoes of the worship of Tammuz survive in Jewish tradition. The name Tammuz itself only appears in the Bible in reference to this pagan deity. However, Jewish tradition adopted the name "Tammuz" for the Fourth Hebrew Month. Over the centuries the pagan origins of the "Month of Tammuz" were forgotten, only to be rediscovered in modern times. Jewish tradition considers Tammuz to be a month of mourning and rabbinical Jews even observe a fast on the 17th day of the month. They also refrain from listening to music and other joyous acts from the 17th to the end of the month. The origins of these mourning practices have become obscured over time and today tradition associates them with the destruction of the Temple. Little do they know that mourning during the Month of Tammuz began long before the destruction of the Temple with a mourning over the death of Tammuz.*

So is daar verskeie ander afgode praktyke in Rabbynse Judaïsme. Meer hieroor kan ondermeer in die volgende artikel gelees word: “Jewish Idolatry: Perversions and Superstitions that Nullify God’s Commandments”. Hierdie artikel kan afgelaai word by: <http://seedofabraham.net/Jewish-Idolatry.pdf>

My doel is nie om hier op te fokus nie, maar bloot om daarop te wys dat misleiding bestaan ook in Rabbynse Judaïsme, maar dit word verswyg en leiers in die Messiaanse Beweging sal selde, indien ooit, daarteen waarsku, terwyl die misleidings en afgodery van die Christendom aan die groot klok opgehang word!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is jy ‘n Pingas? Ywer jy met die ywer van Vader-God (Goddelike ywer)? Is jy ‘Gees-driftig’ (*Ruach*-driftig; Gees-gedryf). Sal jy soos ‘n Pingas die leuen (afgodery, misleiding, geestelike en morele verval) met die spies van Torahwaarheid deurboor? Onthou: Jy gaan nie dieselfde resultaat met ‘n naald kry nie!!! ‘n Naald maak seer, maar nie dood nie!
2. Nuttelose ywer (jaloesie) vir יהוה word nie deur goeie bedoelings aanvaarbaar nie. Nee, ons moet met die ywer van Pingas God se onpartydige opregtheid soek en doen!
3. Die geskiedenis is die bewys van die menslike lyding wat deur nuttelose ywer vir God veroorsaak was. Enkele voorbeelde is die kruistogte van die Rooms Katolieke Kerk en Hitler se Jodehaat. Hierdie onderstreep die gevaar van eie geregtigheid wat opgerig word. Nuttelose ywer vir יהוה beteken jy glo die leuen. Daarom: *The further a society drifts from the truth, the more it will hate those that speak it* – Anonymous.
4. Ons moet ywerig oorlog voer teen ons eie vlees, terwyl ons ywerig moet wees in gehoorsaamheid aan Vader en in goeie werke. Onthou: Yeshua het Homself in ons plek gegee om ons los te koop uit alle oortredings van die Torah en om vir Homself ’n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade (Titus 2:14).

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuweliied.info](mailto:kontak@nuweliied.info)

Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*